Inhoudsopgawe

Voorwoord 11

Spreuke leer jou …

1. Blymoedigheid 12
2. Dissipline 14
3. Vriendskap 16
4. Wees versigtig met jou tong 18
5. Om vrygewig te wees 20
6. Om mooi dinge te sê 22
7. Jy word geken aan wat jy doen 24
8. Om altyd die waarheid te praat 26
9. Om fluks te wees 28
10. Om versigtig te wees vir sondaars 30

Hoe voel God oor jou?

11. God het jou baie lief 32
12. God se liefde hou nooit op nie 34

13. God het jou baie spesiaal gemaak 36
14. Die Here ken jou naam 38
15. God het ’n plan met jou lewe 40
16. God weet wat vandag met jou gaan gebeur 42
17. God druk jou teen sy bors 44
18. God hou jou toekoms in sy hand 46
19. God gee talente vir sy kinders 48
20. God sorg vir jou 50

Die kruis was vir jou

21. Vir óns sonde 52
22. Ons doen almal sonde 54
23. Jesus het vir jou gely aan die kruis 56
24. God vergewe jou deur Jesus en die kruis 58
25. Jesus maak van jou ’n nuwe mens 60
26. Die kruis versoen jou met God 62
27. Die kruis gee jou rede om bly te wees 64
28. Die kruis is God se geskenk aan jou 66
29. Jy kan seker wees van die ewige lewe 68
30. Die kruis maak jou deel van God se familie 70

Op reis saam met Jesus

31. Jou belangrikste afspraak van die dag 72
32. Praat met God 74
33. Die Bybel is jou GPS 76
34. Bid vir ander 78
35. Sê dankie met jou lewe 80

36. Bly naby aan die Here 82
37. God praat met jou deur sy Woord 84
38. ’n Dieet vir geestelike groei 86
39. Hoekom bid jy? 88
40. Jesus wil jou graag gebruik 90

God belowe …

41. Hy is by jou in moeilike tye 92
42. Hy sal jou vrymaak 94
43. Hy beantwoord elke gebed wat jy bid 96
44. Hy sal jou nuwe krag gee 98
45. Hy sal jou beskerm 100
46. Dit sal goed gaan as jy jou ouers eer 102
47. Hy maak jou bekwaam 104
48. Hy sal jou help in versoekings 106
49. Hy sal jou seën as jy gehoorsaam is 108
50. Hy seën jou as jy goed is vir ander 110

’n Nuwe mens

51. Elke dag ’n stryd tussen goed en kwaad 112
52. Neem jou kruis op en volg Jesus 114
53. Dit kos iets om Jesus te volg 116
54. Trek nuwe klere aan 118
55. ’n Dissipel dien ander mense 120
56. Nuutgemaakte mense vlug vir sonde 122
57. Jou lewe kan soos ’n Bybel vir iemand wees 124
58. Nuutgemaakte mense is nederig 126

59. Nuutgemaakte mense dink anders. 128
60. Wees ’n navolger van Jesus 130

Verhoudings

61. Jy en jou ouers 132
62. Wees ’n voorbeeld in jou ouerhuis 134
63. Kies jou vriende versigtig 136
64. Ander mense is ook vir God belangrik 138
65. Jy moet ander mense vergewe 140
66. Wees ’n goeie luisteraar 142
67. Wie is jou naaste? 144
68. Eenheid is belangrik 146
69. Skuif jou eie probleme eenkant toe 148
70. Wees jy ’n ware vriend of vriendin 150

Wanneer jy swaarkry …

71. Die Here pas ons op! 152
72. Gee jou krisis vir God 154
73. ’n Krisis kan jou sterk maak 156
74. Swaarkry is soms omdat jy verkeerd gekies het 158
75. Swaarkry is nie God se straf vir jou nie 160
76. God sien jou trane raak 162
77. God se liefde in tye van swaarkry 164
78. Jy kan bly wees, al kry jy swaar 166
79. Jy hoef nie bang te wees nie 168
80. Om ’n Christen te wees, is nie altyd maklik nie 170

Dinge om te onthou

81. Sny gemorskos uit jou dieet 172
82. God wag vir jou by die wenpaal 174
83. Jy is ’n huis waarin die Here bly 176
84. Geld is nie belangrik nie 178
85. As maats jou boelie 180
86. Wysheid is belangriker as skoolprestasies 182
87. God wil nie hê jy moet vuil taal gebruik nie 184
88. Jy is ’n wenner 186
89. Onthou om dankie te sê 188
90. Jesus kom weer 190

Antwoorde op moontlike strikvrae

91. Waarom vier ons Kersfees? 192
92. Wat is die kerk? 194
93. Wie is die Heilige Gees? 196
94. Waarom vier ons Paasfees? 198
95. Waarom gaan ons kerk toe? 200
96. Waarom hou ons nagmaal? 202
97. Waarom lees ons Bybel? 204
98. Waarom moet jy getuig? 206
99. Is jy belangrik vir God? 208
100. Hoe kan jy God gelukkig maak? 210

101. Laaste, maar nie die minste nie 212

Voorwoord

Laerskoolkinders is altyd so propvol energie, so vol passie. Hulle moet egter ook belangrike besluite neem oor hulle lewe: wie hulle uiteindelik gaan volg, waarin hulle identiteit gaan lê, hoe hulle terugslae en teleurstellings hanteer en vele ander kwessies. Dit is juis daarom baie belangrik dat hulle fondament van jongs af solied sal wees, dat hulle sal bou op die Rots en nie op sand nie.

Hulle word nie gevrywaar van ’n dief wat wil steel, slag en uitroei nie (Johannes 10:10). Nee, daar is geen simpatie vir hulle as dit kom by die aanslae van die bose nie. Hulle moet dus al van ’n baie jong ouderdom af probeer sin maak van slegte omstandighede en dinge wat oor hulle pad kom.

Hierdie boek is op laerskoolkinders se vlak en in hulle “taal” geskryf – kolskoot in hulle lewens in. Dis ’n boek wat hulle sal help om die regte keuses te maak rakende hulle fondament, wie hulle werklik is en om baie onsekere omstandighede in hulle lewens te hanteer.

Dis ons wens dat elke laerskoolkind wat dié boek gaan lees opgewonde sal wees oor Jesus en wie Hy in hulle lewens kan en wil wees.

~ Johan en Helena Smith

Spreuke leer jou …

1 Blymoedigheid

Vir 'n blymoedige gelowige is die lewe een groot fees.

~ Spreuke 15:15

Jare gelede het ons langs 'n goeie, liewe tannie gebly. Daar was net een probleem: Sy het baie gekla en feitlik nooit geglimlag nie. As ek by haar gekuier het en huis toe gaan, het ek altyd sommer swaarmoedig en bedruk gevoel.

Daar is baie Christene wat met lang gesigte rondloop. God wil graag hê sy kinders moet 'n advertensie vir Christenskap wees. Ons moet ander mense met ons positiewe lewenshouding beïnvloed. As Christene baie kla en suur gesigte het, sal hulle nie iemand wat nog nooit van Jesus gehoor het, kan oortuig om 'n Christen te wees nie.

Partykeer gaan dit maar swaar met jou. Dalk het jy nie die rugbyspan

gehaal nie, dalk sukkel jy met ’n vak op skool of dalk baklei jou ouers baie. Dit voel dan vir ’n mens moeilik om vrolik te wees en te glimlag.

Daar is darem altyd ’n rede hoekom ’n mens blymoedig kan wees, al gaan dit swaar. Onthou: God sal altyd vir jou lief wees. Dink daaraan dat Jesus uit liefde vir JOU aan die kruis gesterf het en JOU sondes op Hom geneem het. As jy net dink hoe goed God elke dag vir jou sorg, kan dit jou sommer breed laat glimlag.

Om blymoedig en vrolik te wees, is ’n keuse. Kies vandag om blymoedig te wees. Hou jou oë op Jesus en glimlag. Hy wil graag hê jou lewe moet ’n fees wees.

Here, help my om elke dag blymoedig te wees, al gaan dit swaar.

Uitdaging

Skryf ’n paar dinge neer waaroor jy bly kan wees.

Spreuke leer jou …

2 Dissipline

Ouers se liefdevolle dissipline maak ons mooi mense.

~ Spreuke 1:9

In die Bybelboek Samuel lees ons van ’n man met die naam Eli, wat ’n priester was. Eli was ’n goeie man, maar hy het ’n groot fout gemaak: Hy het nie sy kinders gedissiplineer nie. Hy het geweet dat hulle verkeerde dinge doen, maar hy het niks daaroor gesê en niks daaraan gedoen nie. Dalk het sy seuns toe gedink dat dit oukei is om hierdie verkeerde dinge te doen. As hulle pa niks daaraan doen nie, kan hulle maar aanhou om hierdie dinge te doen.

God het Eli gewaarsku dat Hy die seuns gaan straf vir hulle sonde, maar Eli het stilgebly. Nie lank daarna nie is sy seuns in ’n geveg dood.

As ’n mens verkeerde dinge doen en reëls oortree, sal daar gevolge

wees. As ’n mens sien niemand doen iets as jy verkeerd optree nie, doen jy later sommer baie erger goed.

Dalk haat jy dit om raas te kry en gestraf te word. Die meeste van ons hou nie daarvan nie, maar jou ouers en jou onderwysers doen jou ’n guns om jou te dissiplineer. Hulle doen dit omdat hulle jou liefhet en wil hê jy moet weet wat reg en verkeerd is.

As jy gedissiplineer word, moet jy eintlik dankbaar wees, want dit help jou om eendag ’n verantwoordelike grootmens te word.

Here, dankie vir dissipline in my lewe. Vergewe my as ek daarteen in opstand kom.

Uitdaging

Gaan sê dankie vir daardie mense wat jou gereeld dissiplineer.